*Lucia C. Minnaar*

# HISTORIESE STOF IN *MAGERSFONTEIN, O MAGERSFONTEIN!*

## 1. Historiese grondstof

'n Werk wat soveel teenstrydige reaksies soos *Magersfontein, o Magersfontein* uitgelok het, bly 'n tergende uitdaging, vir die wat 'n belangstelling in die letterkunde het, om deur te dring tot die kern en betekenis, die tema, die prinsipe van struktuur en tegnieke, die perspektief wat die skrywer bedoel het om op sy romanwêreld te gee, en tot die wese van die vertelhouding. Dit is geen geringe onderneming nie.

Dit lê voor die hand dat 'n mens jou vooraf sal vergewis van die historiese feite waarmee die skrywer sy verhaal gestruktureer het. Leroux gee self 'n aanduiding in die verhaal watter bronne hy onder andere gebruik het; hy laat een van sy verhaalfigure, lord Seldom, die volgende oor die slag van Magersfontein sê: „Magersfontein is 'n roman in suiwer ironie. Magersfontein is 'n roman selfs in die hande van 'n statistikus soos Breytenbach en 'n romantikus soos Kruger" (28)*. Dit lei ons na J.H. Breytenbach se werk, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, deel II* (1961) en die deur hom saamgestelde *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (1949) waarin H.P. van Coller se stuk: „Generaal Piet Cronje en die stryd aan die westelike front" ter sake is; en na Rayne Kruger se *Goodbye, Dolly Gray, The history of the Boer War* (1959). Wat laasgenoemde bron betref, was dit 'n opdrag aan al die lede van die televisiespan in die verhaal dat hulle dit moet gelees het om sodoende in die gees van die hele onderneming te kom, naamlik om die slag by Magersfontein te rekonstrueer en te verfilm. Dié opdrag is by implikasie ook 'n wenk aan die leser van Leroux se boek!

Dit is bekend dat Leroux geweldig baie navorsing vir sy roman gedoen het en self in Skotland op die spoor van Wauchope gaan informasie inwin het. Vir die slag by Magersfontein sal bogenoemde bronne egter genoeg wees, en ek volstaan daarmee.

Hierdie historiese gebeure verplaas die leser na die einde van die negen-

* Syfers tussen hakies verwys na LE ROUX, E. 1976. Magersfontein, o Magersfontein! Kaapstad, Human en Rousseau.

tiende en die begin van die twintigste eeue, die einde van die Victoriaanse era. Die etos van hierdie era, en veral die verval aan die einde daarvan word in Rayne Kruger se werk besonder sterk beklemtoon, en 'n mens kan verwag dat Leroux dit in sy roman in die oog gehou en benut het as materiaal. Die Anglo-Boere-oorlog as laaste „Gentleman's War" staan egter op die voorgrond, en die slag by Magersfontein is die fokuspunt van die hele verhaal.

### *1.1 Die slag by Magersfontein*

Om dan nou 'n verslag van dié historiese gebeure te gee, moet daar allereers gewys word op die belangrikheid van die slag by Magersfontein in die strategie van beide die Boere- en Britse magte. Vir albei kante was die beheer oor die vier vernaamste spoorwegverbindings van die Britse kolonies, Kaap en Natal, met die twee Republieke van die grootste belang. Een daarvan was die westelike lyn wat vanuit Kaapstad oor Kimberley, langs die wesgrens van Transvaal, oor Mafeking na Rhodesië geloop het. Sowel Mafeking as Kimberley is deur die Boeremagte beleër nog voor die Britse magte in Suid-Afrika aangekom het. Die beleg en bevryding van Kimberley was saam met dié van Mafeking en Ladysmith van deurslaggewende belang vir die verloop en afloop van die oorlog. Die Engelse opmars om Kimberley te ontset het die veldslae te Belmont, Graspan en Modderrivier (by die samevloei van die Modder- en Rietriviere) tot gevolg gehad.

By Modderrivier het die Boeremagte 'n nuwe krygstaktiek toegepas wat uiters geslaagd was en wat aan die Boere seker die beste van die geveg sou besorg het as generaal Cronjé die oorwinning opgevolg het deur aanvallend op te tree in plaas van terug te trek na die rantjies van Magersfontein. Dié nuwe taktiek was generaal Koos de la Rey se oorspronklike voorstel – oorspronklik in destydse oorlogvoering – om nie soos hulle gebruik was, stellings op hoë plekke soos koppies in te neem nie, maar wel op die vlaktes, en dan die stellings te versterk deur loopgrawe en ander verskansings. Dit was ook De la Rey wat daarop aangedring het om die posisies vir die volgende slag verder vorentoe te verskuif tot aan die voet van Magersfonteinkoppie waar die Britse troepe verplig sou wees om oor die kaal oop terrein aan te val terwyl die Boere hulle in hulle loopgrawe moes verskuil. Aanvanklike teenkanting teen sy plan is uit die weg geruim deur president Steyn se ondersteuning daarvan toe hy die slagveld besoek het; en so is die beplanning van die verdediging van die posisies aan De la Rey opgedra. Hy het van die standpunt uitgegaan dat die vyand sou veronderstel dat die Boere op die hoogtes posisie sou inneem. Hulle sou dus op die verowering van die rante toespits, hulle sou die hellings en kruine van Magersfonteinkop bombar-

deer. (Hoe akkuraat hy die Engelse se strategie geantisipeer het, word duidelik uit wat aanstons oor Methuen se beplanning gesê sal word). Met die oog daarop het De la Rey voorgestel dat die Boere hulle so ongemerk as moontlik in 'n onsigbare maar gebroke linie van loopgrawe moes versteek". Die loopgrawe moes op die vlakte 150 tot 200 treë vóór die voet van die heuwels verby loop.

De la Rey het nie self deelgeneem aan die voorbereidings of die geveg nie, omdat hy in die slag by Modderrivier gewond is en ook sy seun verloor het; hy is daarom na die laer by Riverton om die treurige nuus aan sy vrou oor te bring en van sy wond te herstel.

Generaal Cronjé het De la Rey se beplanning uitgevoer. Die uithaal van die loopgrawe en die maak van 'n lae plat borswering voor elke loopgraaf van die grond wat daar uitgegrawe is, ten einde die ligging daarvan vir die vyand onsigbaar te maak, en die camouflering daarvan deur middel van gras, klippe en bossies, was 'n tydsame en moeisame proses. Teen 10 Desember was die middelste deel wat die gebied voor Magersfonteinkoppie tot teen die spoorweg en 'n deel van die gebied wes van die spoorweg op die Boere se regtervleuel van loopgrawe voorsien; daar was egter ook op die regter- en linkervleuels loopgrawe, hoewel nie so diep as die ander nie.

Versterkings vir die Boeremagte het aangekom sodat 'n totaal van 8000 manskappe byeengebring is. Hiervan was slegs 6000 berede en gereed om elke oomblik aan te val, en aan die werklike geveg in die loopgrawe voor die rant het slegs 1200 deelgeneem. Cronjé se skanse was so effektief met gras, bossies en klippe bedek dat dit gelyk het asof dit deel van die omgewing was.

Op 6 Desember 1899 het Methuen, die Britse bevelvoerder, nadat hy van sy wond wat hy in die geveg by Modderrivier opgedoen het, herstel het, dadelik sy mag by Modderrivier gereorganiseer. Intussen het generaal Wauchope met sy Skotte by hom aangesluit en sy getalsterkte op ongeveer 12000 manskappe gebring.

Op 10 Desember het die Britte met hulle skeepskanon, „Joe Chamberlain", op die koppe van Magersfontein losgetrek omdat hulle verwag het, presies soos De la Rey voorspel het, dat die Boere oudergewoonte weer die hoogste posisies ingeneem het. Na ongeveer 20 minute is die kanonvuur gestaak omdat die bombardement nie beantwoord is nie. Dit het die Britse opperbevel nog meer in twyfel gebring. Vanaf halfvyf die middag het die Engelse skeepskanon, bygestaan deur 'n houwitserbattery en drie veldbatterye, die wêreld op en om die koppe by Magersfontein letterlik omgeploeg. Twee uur later is die bombardement gestaak. Dit het alles bo-oor die koppe van die Boere in die loopgrawe plaasgevind.

Generaal Cronje was in sy skik dat sy stellings vir die vyand geheim gebly het. Toe die skemerte dié aand oor die land toesak, het hy in alle haas na Magersfontein gegaan (sy tente het agt kilometer noordoos van Magersfontein gestaan) om die nodige bevele vir die op hande synde geveg te gee. Die slag sou dié nag nog plaasvind. Majoor Albrecht, bevelvoerder oor die Vrystaatse artillerie, het sonder versuim van Jacobsdal vertrek om op Cronjé se bevel die linkeroewer van die Modderrivier te dek en die Britte vandaar te bestook. Die burgers in die loopgrawe was stil. Die brandwagte was op hulle pos.

Ons verskuif nou die aandag na Methuen, daar waar hy te Modderrivier gelaer was, sodat die „tragikomiese" en ironiese elemente waarna die leiers van die televisiespan in Leroux se boek so dikwels verwys, duidelik kan word: die spel van teenstelling tussen verwagting en werklikheid ten opsigte van die krygstaktiek van die Boere en die teenstrategie van die Britse bevelvoerders.

Vanaf Modderrivier, so het Methuen vasgestel, was daar 'n geleidelike opdraande na die Magersfonteinkoppies, met geen verraderlike rivier tussenin waar hulle dalk in 'n hinderlaag gelei kon word nie: hulle het immers hulle les goed geleer in die geveg te Moderrivier! Die terrein strek oop voor hom met slegs struike van die soetgeurende mimosas tussen die gras. Die heuwels is in die vorm van 'n driehoek waarvan die naaste punt aan Methuen se regterfront die Magersfonteinkoppie is, die hoogste van die groepie koppies. Die Boere was die afgelope paar dae sigbaar besig om loopgrawe teen die hange van die koppe te grawe, soos hy gemeen het, en die Britse patrollie het hulle in die oog gehou. As hy dié kop kan verower, sou hy 'n skoon deurgang na Kimberley hê. Hy besluit om die taktiek van 'n nagmars te volg en teen dagbreek aan te val. Daar is geen struikelblok op sy pad daarheen nie! Rayne Kruger wys op die ironie van die situasie: Methuen het vir dae lank die Magersfontein-posisie bestudeer en deur die patrollie laat vasstel wat die beste roete vir die nagaanval sou wees. Die pad lê volmaak oop vir agt kilometer plat grond! En om seker te maak van sy welslae het Methuen vir die speerpunt van sy aanval die gedugte Hooglanders, algemeen bekend as die beste vegbrigade in die Britse leër, gekies, onder aanvoering van generaal Andrew Wauchope, liefling van die ganse Skotland. Van hom is vertel dat hy in elk van die Engelse Koloniale oorloë van swaar wonde herstel het, maar daar was vriende wat hom hoor sê het dat hy 'n vierde keer nie sou oorleef nie.

Wauchope was gekant teen die aanval op Magersfontein, omdat hy geglo het dat die Boeremagte sterker was as wat Methuen vermoed het, en ook teen die nagmars; maar as egte Victoriaan het hy dissipline en gehoorsaming

van gesag bo hom geëerbiedig en hom met krag aan die uitvoering van sy opdrag gewy.

Op Sondag 10 Desember, soos reeds gesê, het Methuen die koppe gebombardeer sodat groot klippe die lug ingeslinger is; hy het tevrede gevoel dat enige verdedigingswerke van die Boere vernietig sou wees en dat hulle terdee die skrik op die lyf gejaag is, indien hulle nie reeds op die vlug gejaag is nie!! (Die Jingo-pers sou hom oor dié bombardement op Sondag kritiseer na aanleiding van 'n rapport dat 'n groot aantal Boere gedood is terwyl hulle godsdiens sou gehou het, aangesien Sondae volgens wedersydse onuitgesproke verstandhouding as 'n dag van vrede onderhou is). Hierdie bombardement wat Methuen met soveel ingenomenheid uitgevoer het, het niks meer gedoen as drie Boere gewond nie. Daarby het dit die Boere gewaarsku dat die aanval op hande is.

Kort na middernag het die opmars na Magersfonteinkoppie begin. Wauchope met die Black Watch-brigade het gelei, opgevolg deur die Seaforths, die Argylls en die Highland Light Infantry. Wauchope was doodsbleek. „He bore the reflection of death", sê Rayne Kruger (1959:128). Hulle het in 'n aandrywende storm gemarsjeer. Dit was pikdonker, ondeurdringbaar, behalwe vir die dowwe violet soeklig vanuit Kimberley. Majoor Benson wat met 'n kompas in elke hand die koers moes aandui, het probleme ondervind om die eenhede bymekaar te hou, want die reën, weerlig en baie gewere het die kompasse nadelig geaffekteer, sodat die brigade soos 'n slang van kant tot kant begin kronkel het. Dit het Benson laat twyfel of hy nog die voorgeskrewe roete volg. Daar is toe besluit om effens regs te swaai. Die sand wat 'n paar uur gelede nog brandend warm was, het nou van die reën 'n pappery geword. Skouer teen skouer, in diggeslote formasie, in 96 opeenvolgende rye, sodat 'n soliede blok van 4000 man gevorm is, bymekaar gehou deur gidse wat met toue verbind was, het hulle net 'n klein rukkie na die vasgestelde tyd hulle doelwit genader. Na drie uur se mars het Wauchope dofweg die skouer van Magersfontein in die brekende lig gesien. Benson stel toe voor dat hy in dié stadium sy brigade moet ontplooi, maar Wauchope wou nog 'n ent vorder voordat daglig hom aan die vyand sigbaar sou maak; daarom het hy nog 'n hele paar honderd treë laat marsjeer. Digte doringstruike het hom nou vertraag. Magersfontein het nog 'n myl (een en twee-derde kilometer) ver gelyk. Dit was vieruur die oggend van 11 Desember. Eindelik gee hy bevel om te ontplooi, en sy manne begin weg van mekaar beweeg. Terwyl hulle hiermee besig was en nog op die verkeerde voet, is die stilte en die duisternis van die nag opeens verskeur deur 'n verskriklike ontploffing van vuur wat hulle in hulle spore verskroei het. Niemand kon verstaan wat gebeur het nie. Hulle het in 'n vreeslike strik geloop. Duisende gewere was op

hulle gerig, soos dit vir hulle voorgekom het in die halfdonker, en die skote het nié van die hange van die kop, soos hulle verwag het, gekom nie, maar skynbaar van nêrens af nie, van vlak voor die voete van die leidende Black Watch. In minder as 'n minuut is honderde gedood of gewond, die brigade is verander in 'n paniekbevange horde; ontwrigting het gevolg, en die regiment het uitmekaar gespat. Sommiges het tussen die loopgrawe ingehardloop en is daar doodgeskiet.

Generaal Wauchope het deur die verwarring kop gehou en sy neef, luitenant Wauchope, met 'n bevel gestuur dat sy troepe op die Boere se oostelike flank ingestoot moes word omdat daar 'n gunstiger posisie vir omvleueling van die vyand moontlik was. Voor hy egter dié maneuver kon lei, is hy dodelik gewond deur verskeie koeëls. Sy laaste woorde sou gewees het: „Rally round, Black Watch, it is not my fault!". Wauchope se boodskap is aan kolonel Coode afgegee maar dié is kort daarna ook gedood. 'n Aantal van die Seaforths and Black Watch het egter die gaping wat Wauchope bedoel het, gevind, en ongeveer 100 van hulle het tussen die loopgrawe deurgebreek om die Boere van agter af aan te val. Hulle het hulle teen generaal Cronjé en sy adjudante, wat heelnag in die donker teen die hange verdwaal het, vasgeloop. Die Boere het hulle onder skoot gekry en baie van hulle is doodgeskiet, terwyl ander gevang is. Dié voorval het die Boere in die loopgrawe se aandag op die gaping gevestig, en hulle het dit gesluit. Met kort tussenposes is die geveg dwarsdeur die res van die nag voortgesit.

Die son het in 'n skoon lug opgekom, en dit het al warmer geword. Die Hooglanders wat nie gevlug het nie, het verstrooid op die sand gelê, vorentoe gekruip en in die proses 'n Skandinawiese korps van 50 vrywilligers (aan die Boere se kant) uitgewis, tot hulle 150 treë van die hoofloopgrawe was en nie verder kon nie vanweë die Boere se geweervuur. Agter miershope en bossies het hulle so stil gelê asof hulle reeds dood was. Die wat gevlug het, is weer deur die offisiere byeengebring. Die geklaag van doedelsakke het sommiges teen die boonste deel van die halfmaan regs van die Black Watch gelei, maar desperate pogings om die loopgrawe te bestorm is geblus deur die aanhoudende geweervuur daarvandaan, wat nie eers deur die artilleriestukke van die Britte verminder is nie: die Boere sou nie maklik die veiligheid van die loopgrawe prysgee nie, want dit was hulle enigste hoop op oorlewing.

Vanuit 'n lugballon onder bevel van kaptein Jones en luitenant Grubb by Headquarter's Hill is lord Methuen so veel as moontlik op hoogte gehou van wat in en agter die Boerelinies waargeneem kon word. Onder andere is hy verwittig dat daar 'n aantal perde van die Boere agter Magersfonteinkoppie digby die laer aaneengekoppel gestaan het. Die het hy onder vuur laat neem

deur sy houwitsers. Aan die kanonniers is vanuit die ballon met vlagseine aangedui waar om hulle bomme te gooi. Die Boere het egter aan die bomme gewoond begin raak; hulle het agtergekom dat die bomme gladnie so gevaarlik was as wat hulle gedink het nie. Rayne Kruger sê van dié ballon: „A war balloon drifted meaninglessly in the sky while higher circled more meaningful vultures" (132).

In klein groepies het die Hooglanders langs die front van vyf kilometer gelê, hulle gesigte vas teen die warm sand, die agterkant van hulle knieë rou gebrand, hulle waterbottels leeg of weggegee aan die gewondes wat ver van die mediese personeel af was. Geen versterking het gekom nie, slegs 'n bevel van Methuen: „Hold on until nightfall!" Maar, sê Kruger, „nightfall was many hours away". Die Boere van die boonste deel van die halfmaan dreig toe om vorentoe te storm en hulle te omsingel. Methuen het geantwoord deur ander troepe teen die hele lengte van die halfmaan na die Modderrivier se kant in te stoot. Baie Boere het daar in die halfklaar loopgrawe gelê of op die oop veld, maar Methuen wou nie sy voordeel ten volle benut nie want hy was behelp met die idee dat alles afgehang het van 'n deurbraak reg voor Magersfonteinkoppie. Om dieselfde rede het hy nog minder aandag aan die linkersektor gegee, waar daar min vooruitgang was.

Teen elfuur het die Hooglanders 'n punt bereik waar hulle niks meer kon verduur nie. Die Gordons sou deur hulle linie breek om die Hooglanders se plek te neem. 'n Dapper aanval van 'n Vrystaatse kommando Boere kon Methuen met addisionele troepe met moeite afweer, en ten laaste het die Hooglanders se regterkant padgegee. Toe volg almal: langs die hele linie, eers in tientalle, toe in honderde, het die Hooglanders opgestaan van die grond af en so 'n beter teiken vir die Boere geword. Voor die Boere uit het hulle gevlug in volslae demoralisasie; eers in die omgewing van die batterye, buite trefafstand van die geweervuur, het die oorgeblewe offisiere daarin geslaag om, na talle vermanings aan die troepe, hulle vlug te stuit deur die speel op die doedelsakke om die nasionale trots op te wek; en deur die opsending van waterkarre en volgelaaide proviandwaens na die terrein kon die oorvermoeide manne hulle dors les en hulle honger stil. Maar toe die Boere onverwags met 'n 75 mm. Krupp van die kop af begin te vuur, het hulle laaste weerstand gebreek. Hulle het die kanonne net so in die steek gelaat en gevlug, en geen doedelsak of ander middel kon hulle vlug meer stuit nie.

Na vieruur die Maandagmiddag het die geveg opgehou. Die Britte was volkome verslaan. Die Boere het na die Britte geroep om te sê dat almal wat kon loop, ongehinder mag gaan op voorwaarde dat hulle hul ammunisie en gewere agterlaat. Water en kos het opgedaag, die mediese personeel het meer vryelik beweeg en orals het manne die diep slaap van algehele uitputting ge-

slaap.

Die nag het sonder voorval verbygegaan. Methuen se hoop dat die Boere weer soos by Modderrivier se slag sou terugtrek, is verydel. Hy het begin twyfel oor die raadsaamheid om vol te hou. Die meeste van sy offisiere was vir terugtrekking; ammunisie was kort, water was moeilik bekombaar, en 'n groot deel van sy mag was vernietig. Hy besluit toe om terug te trek na Modderrivier. Kort na agtuur voormiddag op 12 Desember het 'n Boere-ordonnans onder 'n wit vlag voor die linies van die Scots Guard verskyn met 'n boodskap dat die Britse aanvoerder ambulanswaens na die slagveld kon stuur om sy dooies en gewondes voor die loopgraaf aan die voet van Magersfontein te versorg. Van die aanbod is dankbaar gebruik gemaak, en hulle is met groot beleefdheid deur die Boere bygestaan – anders as wat die Britte die Boere by Modderrivier behandel het.

Die verliese aan Britse kant was meer as duisend dooies, gewondes en gevangenes (Kruger 1959:134), waarvan driekwart Hooglanders was. Die Boere se verliese was ongeveer 'n kwart van dié van die Britte. Na die slag het Methuen met die Skotse Brigade gesimpatiseer met hulle verliese en bygevoeg: „...We were within an ace of carrying the position... Everything depended on one word. That word was 'Forward!' ". Dié uitlating is as 'n skimp opgevat dat die Hooglanders, en veral hulle aanvoerder, verantwoordelik was vir die neerlaag, terwyl húlle weer gevoel het dat hulle na 'n gewisse dood gestuur is, „taken into a butcher's shop and left there" (Kruger, 1959:134).

Die afloop van die geveg toon die Boere in hulle menslike optrede teenoor hulle vyande, soos dit in 'n „Gentleman's war" hoort!

Die feit dat die groot oorwinning van die Boere by Magersfontein weer soos by dié van Modderrivier, nie deur Cronjé opgevolg is nie, deur sy versuim om te agtervolg en aanvallend op te tree, het die vyand kans gegee om uit hulle „liederlike debakel", soos Breytenbach dit stel(1971:165), te kom. Ook dit maak deel uit van die tragikomiese en ironiese, verbonde aan die slag by Magersfontein.

## 2. Die vloedramp van 1974

Hierdie Magersfontein-geskiedenis is nie die enigste historiese stof in die verhaal nie. Die oorstromings van 1974 wat Leroux in sy boek beskryf (onder andere p. 96) en wat so netjies te pas gebring word in die verfilming van die slag by Magersfontein op 10 Desember 1899, is eweneens historiese stof. Die werklike feite van die vloedramp word in verskeie tydskrifte van daardie jaar beskryf. En Leroux het in sy verhaal heelwat weerklanke van daardie

beskrywings. In *Fair Lady* van 1 Mei 1974 beskryf Madeleine van Biljon die oorstroming by Modderrivier: „The waters was flowing smoothly and steadily down to sea via the Riet and Modder rivers. Later that evening the situation began to change. The two rivers were rising sharply and there was danger of flooding". Sy skryf verder dat die Weermag gladweg in aksie gekom het; die jong soldaatjies wat vir militêre opleiding diens gedoen het, het die avontuur geniet. Vragmotors kon nog oor die weg kom op die paaie en „there was no sense of panic". Teen Saterdag het dit 'n noodtoestand geword. Helikopters het mense op verspreide plase opgepik. Boodskappe van vasgekeerdes het berigte van voedselnood gestuur. Baie mense was onwillig om weggeneem te word.

Hierdie beskrywing van Van Biljon geld die gebied waar Etienne Leroux se verhaal afspeel. Maar ook die beskrywing van ander rampgebiede bevat brokkies wat in *Magersfontein* weerklink, soos: „Die Departement van Waterwese het op elke uur laat weet dat daar nog geen rede vir paniek is nie en dat helikopters deur die Lugmag uitgestuur is om vasgekeerdes op te pik of tente af te gooi (Roy Niemann in *Sarie*, 8 Mei 1974); dié berig gaan oor oorstromings by Upington, Kanoneiland, Agtereiland, Bo-eiland, Keimoes, Kakamas, Perde-eiland en andere). Van die besoeke aan ramptonele deur komitees van die Regering en Provinsiale owerhede en deur ministers, van die stigting van 'n rampfonds, van die optredes van Lug- en Weermag per helikopter lees ons ook in *Alpha*, waarin geskryf word oor die Kleurlingnedersetting by Kenhardt (vol. 12, nr. 3, 1974); en in *Die Huisgenoot* van 15 Maart 1974 skryf Chris Koole dat daar ten tyde van die bedreiging van die onvoltooide P.K. le Roux-dam drie ministers op die ramptoneel was.

### 3. Die Victoriaanse etos as historiese stof

Die aksent wat in *Magersfontein, o Magersfontein* op die begrip Victoriaans val, maak dit nodig om 'n keer goed na die inhoud van 'n lewenswyse of etos wat aan die einde van die vorige eeu ten einde geloop het, te kyk, want ook dít is historiese grondstof vir Leroux se verhaal.

In sy *Outline of English verse* sê George H. Cowling: „The Victorian age was an age of fierce opposition between radical and tory, church and dissent, science and revelation, culture and barbarism, romance and realism, and even in styles between gothic and classical architecture. It was an age of intellectual giants...". Hoewel daar geen twyfel bestaan oor die grootheid van hierdie era nie, was daar nie 'n uniforme etos nie, soos bostaande teenstellende pare aantoon (p. 20).

'n Voor-die-hand-liggende bron om te raadpleeg oor die saak is Rayne

Kruger se *Goodbye, Dolly Gray* omdat Leroux self 'n verband lê tussen sy werk en dié boek, nie alleen deur die ontleende historiese feite oor die veldslag nie, maar ook deur heelwat ander besonderhede waaronder die opdrag aan die projeklede dat hulle die boek almal moes lees om die agtergrond van die projek te verstaan. Hulle moes ook geklee wees volgens die styl van die einde van die vorige eeu: „om die helfte die mans en vrouens in Victoriaanse Boers en Engels" (25). Daar word ook gewag gemaak van die band tussen die Boere en generaal Wauchope, wat geleë was in hulle gemeenskaplike protestantse geloof en hulle konserwatisme – albei komponente van die Victoriaanse etos. Ook in 'n negatiewe sin word 'n verband gelê: die baldadige gefuif en die sekstaferele van daardie eerste nag in die Crown Hotel word genoem „seldsame Victoriaanse camp" (p. 40).

Ons het dus te doen met twee kante van die Victoriaanse lewenswyse, sodat 'n mens nie sonder voorbehoud kan saamstem met die menings van literatore dat juis die historiese (lees Victoriaanse) verlede as korrektief dien vir die morele verwildering in die hede wat deur die projekgangers in hulle private lewe vergestalt word nie (kyk die *Minderheidsuitspraak* in die Appèlraad).

Uit Rayne Kruger se beskrywing van die Victoriaanse era (in sy eerste hoofstuk: „Victoria's England: High noon") sal die leser self parallelle met die hedendaagse Afrikaanse situasie kan trek en ook aanknopingspunte met Leroux se roman raaksien.

Victoriaans, dan, beteken 'n tyd van groot uitbreidings, 'n drang tot grensoorskryding, tot „empire building", 'n tyd van Engeland se oppermag op see oor wêreldroetes, 'n tyd van verbasende welvaart op alle gebiede: handel, industrie, tegnologie: 'n tyd van groot prestasies en wapenfeite.

Aan die negatiewe kant was daar groot ekonomiese ongelykheid in die nuwe demokrasie wat deur stemreg tot stand gekom het. Soldate het opstande van werkloses onderdruk, vakbonde het hulle vir hoër lone beywer en beter werksvoorwaardes beding, terwyl die middelklas die sosialisme gepropageer het; dit was 'n tyd waarin anargiste die respektabeles met vrees vervul het vir bomme in elke onbewaakte pakket; die tyd toe die regte van die arbeider teenoor kapitalisme verdedig is en toe die Arbeidersparty 'n aparte parlementêre mag geword het en weldra alles in die stryd sou werp om 'n oorheersende posisie in die landsregering te verower.

Aan die positiewe kant het die regerende klasse baie hervormings onderneem om die gaping tussen ryk en arm te oorbrug. Grootskaalse ondernemings is in alle erns aangepak: die Victoriaan is bowe-al ernstig!

Vir die laat-Victoriaan was welvaart en vooruitgang egter die wagwoord, nou verbonde aan die groei van maatskappye en verhoogde bedrywighede

op die effektebeurs, veral toe die goudaandele 'n nuwe impuls vir beleggings geword het. Die oopstel van die goudmyne in Transvaal in die tagtigerjare, binne die magsgebied van Engeland, was 'n groot uitkoms vir die tekort aan betaalmiddele in die handel. Transvaal was begeerlik om te besit. „It helped create a predisposition to make war if war threatened" (Kruger, p. 23). Die klimaks van die negentiende eeu was dan ook oorlog, oorlog teen die twee Boererepublieke.

Hierdie oorlog het in Engeland groot patriotisme gaande gemaak, ook nog versterk deur die luisterryke viering van Koningin Victoria se goue jubileum, Victoria, „the most venerated woman in the world" (Kruger, 1959: 23).

Daar was egter onder die konserwatiewe Victoriane 'n gevoel van onrus te midde van die groeiende welvaart en mag, onrus oor verval van die Victoriaanse komponente van dekorum: diens, morele onkreukbaarheid en korrektheid. Dié verval is onder andere in die kuns gemanifesteer in die dekadensie van die negentigerjare (die „Naughty Nineties"), toe dit belangriker geword het om byvoorbeeld in die skilderkuns 'n kleurgevoel te ontwikkel as om te onderskei tussen goed en kwaad; daar was die sensuele poësie van Swinburne, die werke van Oscar Wilde en die Pre-Rafaeliete wat vir die Victoriaan sieklik was. D.J. Opperman (1953:42) skryf oor die bevrugtende invloed op die Dertigers by ons van bogenoemde groep: D.G. Rosetti, Christina Rosetti, Swinburne; en van die bekoring van die "Naughty Nineties": Oscar Wilde, Johnson, Davidson – „die geslag van die groot stad en hoer, van edelgesteentes, van alles wat eksoties en sinlik, lieflik en boos is, van twyfel en wanhoop". Die Victoriaan was onrustig oor die sosialisme in die kuns van Ruskin, Arnold en Morris, en hy het 'n verlaging van die teater gesien in Ibsen se dramas. Die verhoor en veroordeling van Oscar Wilde het dinge aan die lig gebring wat die Victoriaan se vermoedens bevestig het.

Ook ander onwelkome veranderinge het kop uitgesteek: die aristokrasie het in die handel begin belangstel en omgekeerd, die ryk handelaars het die hoër klasse begin binnedring. Daar was 'n onrusbarende manie vir geldmaak en geldbesteding: ontsaglike paleishuise is gebou; harde werk en vlyt waarop die Victoriaan eertyds so gesteld was, het in die gedrang gekom en was besig om te verdwyn. 'n Nuwigheid wat 'n openbaring van die algemene welvaart was, was die uittogte na strande vir vakansies en die begeerte om te toer, „the desire to cross boundaries". Liefde vir sport het die publiek beheers. (Heel gepas is die twee Lords uit Engeland groot sportentoesiaste – *Magersfontein, o Magersfontein*, p. 45); groot massas semi-opgevoedes het die sporterenas oorstroom, nie om te speel nie, maar om te kyk: „The sheer desire for spectacle and a heady partisanship" was aan die orde van die dag

(Kruger, 1959:26).

Ander afstootlikhede vir die Victoriaan was stakings, drankmisbruik op ongekende skaal, dobbel, die rook van sigarette – ook deur vroue – en skokkende sensasievertonings in die „music-hall".

Die beheptheid met sport het hand aan hand gegaan met rasionalisering van kleredrag, veral vir die vrou, enersyds om gesondheidsredes en andersyds ter wille van die nuwe mode om fiets te ry – ook deur vroue. Dié verandering staan aan die positiewe kant van die laat-Victoriaanse tyd, maar vir destyds, vir die konserwatiewes, was dit niks minder nie as onbeskaamdheid van die „nuwe" vrou wat korsetloos in gemaklike klere deur die strate op 'n fiets gery het, en dit sonder 'n „chaperone"; om uiting te gee aan haar aanspraak op gelykheid met die man, het sy ook nog gerook en „slang" gepraat! Die tipiese Victoriaanse vrouedrag – die hoepelrok wat tot op die grond gereik het en wat die ongenaakbaarheid van die vrou moes uitdruk – het in diskrediet gekom, ook omdat dit slegs die skyn van deug opgehou het: die ontembare erotiese drange het op ander maniere tóg tot uiting gekom: „seks word gesuggereer met die flits van 'n enkel en emosie met uitpeulende boesems", vat Leroux se verteller dit bondig saam in die beskrywing van die vroue in die Engelse afdeling van die televisiespan (25-26). Marigold Rosemary se droom „waarin Victoriaanse vrouens met waaiers in hulle hande deur 'n blou waas sweef" en „'n enorme konstruksie wat kantel en val: 'n ontsaglike toring, hemelhoog, wat steier en oor die heelal val" (43-44), het sekerlik relevante simboliese betekenis met betrekking tot die Victoriaanse „deugsaamheid".

Verval op sedelike gebied word ook bevestig deur die opkoms van die sogenaamde „mannishness", wat nie alleen gedui het op manlikheid en manne van aksie nie, maar ook op die ideaal van manlike sensitiwiteit, „making acceptable between men a relationship in which emotion, as opposed simply to mental affinity or admiration, often ran deep" (Kruger, p. 506). So 'n verhouding word in Leroux se roman gesuggereer tussen lord Sudden en lord Seldom (92, 102, 104, 105).

Daar was dus aan die einde van die Victoriaanse era 'n vulgariserende proses aan die gang, 'n verlaging van lewenstyl onder alle klasse van die samelewing, mede gepropageer deur 'n nuwe goedkoop pers.

Hierdie pers kom ook onder skoot in Kruger se boek, naamlik in die beriggewing oor die Anglo-Boere-oorlog van die Britse kant. Daar is 'n verwysing na koerantmanne op die toneel van die vloedramp in *Magersfontein, o Magersfontein* wat miskien juis ook hier 'n verband lê tussen die Victoriaanse pers en die hedendaagse: Van die bekendste Sondagkoerante is met hulle fotografiese toestelle op die ramptoneel. Hulle trotseer gevaar, want „hulle

veg vir die onbevange waarheid soos hulle dit sien. Hulle is gemotiveerd. Hulle is miskien ook een van die weinige oorblyfsels van 'n Victoriaanse tradisie van oorgawe aan 'n ideaal" (160). In die satiriese beligting van die verhaal, word hierdie „onbevange waarheid" vanselfsprekend gehekel, van sowel die Suid-Afrikaanse as die Victoriaanse pers.

Ook die kerk van Engeland is aangetas deur nuwe strominge, aangeval deur rasionaliste van buite en deur kerklike geskille van binne. Van buite het die teorieë van Darwin en Huxley veld gewen: die kerk kon daarna nooit weer dieselfde wees nie, en selfs in die Universiteite van Oxford en Cambridge is andersdenkendes toegelaat. 'n Verdere aanslag op die tradisionele geloof was die propagering van lykverassing, teosofie, hipnotisme en geestestelepatie. Die veruiterliking van die godsdiens in die Victoriaanse era vind 'n weerklank in Leroux se roman waar Wauchope deur lord Sudden voorgehou word as voorbeeld van Victoriaanse dekorum: onder andere word genoem „dat dit sy groot genot was om saam met sy troepe 'n kerkdiens by te woon met 'n groot Bybel sigbaar in sy sporran" (53). Dat hy die steunpilaar was van „all the churches of all denominations", sê nie veel vir sy spesifieke Presbiteriaanse godsdienstige oortuiging en geloofsdiepgang nie. Konserwatisme kom self hiermee onder verdenking.

Die behoefte aan konserwatisme as teenvoeter van al die genoemde veranderinge het in Engeland tot uiting gekom in die eleksie van 1895, waarin die Konserwatiewe Party gewen het. Dit was hierdie Konserwatiewe Party wat ter wille van die grootheid van Engeland die oorlog teen die twee Republieke gevoer het. Elke Brit was hiermee besiel en het vir vanselfsprekend aanvaar dat Engeland deur sy mag, rykdom en beskawing op die voorpunt van menslike vooruitgang was. En dít gee hom die reg op gebiedsuitbreiding. „The British had to go abroad to build bridges, mark out ranches, mine metals, lay down railways; to explore, shape, dream. Thus pioneer, engineer, missionary, trader, idealist who wished to spread to benifits of British civilization, and the out and out Jingo who simply got a kick out of all that red on the map, united behind the flag even if they disagreed among themselves" (Kruger, 1959:29).

In hierdie patriotiese vloedgolf is geldinsamelings vir allerlei geloods. So het Lady Randolph Churchill, wat Leroux ter sprake bring in sy boek, die leiding geneem onder Amerikaners wat in London was, om 'n hospitaalskip, die Maine, te finansier as 'n gebaar van Brits-Amerikaanse broederskap (Kruger, 1959:57). Na haar „vóórbeeld" finansier Lady Jubilence een van die motors van die optog! (24). Die reputasie van hierdie vrou doen haar „voorbeeld" in elk geval nie eer aan nie: „bekende kunskenner, gasvrou en kultuurvrou van die Kaap", maar ook 'n geslepe diamantsmokkelaar wat in

die nag in die graf van Gert Garries se kind saam met die swart chauffeur gaan snuffel, op soek na diamante.

Die uitgang van die Victoriaanse era word ook gekenmerk deur die kwesbaarheid van Engeland juis toe hy hom in die oorlog met die Boererepublieke begewe het. Hy het geen bondgenote gehad nie. Sy leër was klein, daar was nie nasionale diensplig nie. Hoewel hy oor nuwe wapentuig beskik het het die nuwe militêre denke wat dit geverg het, ontbreek. Baie krygsoefeninge was hopeloos verouderd: „The accent was on solid line formation, mechanical precision, rigid dependence on orders firing strictly in volleys at a word of command... Only two months a year were spent training. For the rest a man was parading, mounting guard, pipe playing or polishing his gear... Between social and sporting activities his seniors fought a spirited battle of formfilling... There was no General Staff to plan and think out fundamental questions of strategy and tactics; time was monopolized by the concocting of more regulations or inventing expensive and ridiculous man-millinery" (Kruger, 1959:62). Le Grange se gesteldheid op sy verskillende uitrustings is 'n weerklank hiervan.

Van die hoër range in die leër gee Kruger die volgende beskrywing: „While officers were busy being gentlemen in or out of gorgeous dress uniforms, their men's welfare counted for nothing" (1959:62). Op hierdie reël was Wauchope so 'n opvallende uitsondering dat dit spesiaal vermeld word: daar was „universal admiration for his character" (Kruger, 1959:128). In *Magersfontein* laat lord Sudden hom só uit oor Wauchope: „Vir hom het sy regiment eerste gekom... Die eer van die soldaat was van kardinale belang. Hy het homself alles ontsê wat hy nie vir sy troepe kon bied nie" (54).

Inligtingsdiens is in die Engelse leër afgeskeep en die standaard van beplanning was swak, soos blyk uit Methuen se flater by Magersfontein. Die kleitrappery van logistikus, Mr Shipmaster, het dus ook 'n analogie in die geskiedenis!

Van die Boere het die Engelse omtrent geen kennis gehad nie, behalwe wat hulle uit persberigte van die gegriefde Uitlanders kon wys word; so het die opvatting posgevat dat die Boer „an ignorant peasant" was; „his military system appeared positively laughable" (Kruger, 1959:63), woorde wat lord Sudden aanhaal (36). Tog was dit 'n Boer wat 'n krygstegniek uitgedink het wat van die slag by Modderriver gemaak het „the precurser of battles which were to sear millions of lives on another Western front only fifteen years later" (Kruger, 1959:36). Hierdie woorde bring Amicus Achtung in verband met die slag by Magersfontein (29).

Methuen se neerlaag by Magersfontein was die gevolg van gebrek aan verkenning, 'n gebrek wat meer dikwels in die oorlog voorgekom het. Dit het

lord Roberts laat sê dat 'n aanvoerder se eerste plig verkenning is (Kruger, 1959:119).

Nou is dit insiggewend dat Leroux so baie klem lê op verkenning. Die eerste hoofstuk dra die titel „Verkenning". Nie alleen slaan dit op die kennismaking van die televisiespan met die terrein by Magersfontein nie, maar ook op figuurlike vlak sal daar verkenning wees. „Hierdie projekgangers is 'n leër en hulle moet hanteer word soos 'n leër. Verkenning is die wagwoord vóór 'n veldslag, en die verlede in terme van die hede sal daaraan getoets word as die oordeel oor die eindresultaat uitgespreek word" (38). Dit is raaiselagtige woorde hierdie: In hierdie nag sal die verlede getoets en geoordeel word! In hierdie nag gaan daar 'n seksuele *aanslag* wees, want „oorlog is seks en romanse". Die konferensie oor die projek word deur die Lords uitgestel tot die volgende dag, en die rede word ook verstrek: „sodat die projekgangers 'n begrip kan kry van die angs wat gebore word uit die universele leemte. Hulle moet 'n begrip kry van die moderne tragies-revolusionêre held wat voor die fenomenale wit muur te staan kom waaragter die donker absolute lê en wag. Voordat hulle dit nie begryp nie en hulle hierdie geestelike dilemma van vandag nie kan verstaan nie, sal hulle nooit die slagveld van Magersfontein as 'n visionêre figuurfries kan kerf wat sal lewe op die filmdoek en die bewende glas van TV nie. Hulle sal die angs van duisende Boere en Skotte en helde soos Wauchope, De la Rey, Cronjé, en Muthuen moet versoen met 'n tragiese Griekse visie in terme van hulle eie negativisme" (39-40).

Uit hierdie duistere sinne kan ek slegs waag om een ding uit te lig en te probeer verklaar: die „universele leemte" slaan op die hedendaagse, byna universele ongeloof, en dit lei tot die moderne (eksistensiële) angs. As die projekgangers so 'n angs kan belééf, sal hulle ook die angs van die helde uit die slag by Magersfontein kan verstaan en vertolk. Die twee soorte angs lê egter nie op dieselfde vlak nie, want in die een geval is daar nog geloof en in die ander nie. Hier is dus 'n „krakie" in òf die verklaring òf in die verteller se redenasie!

Nietemin, vir hierdie doel kry hulle die aand vry, kan hulle ook vrye teuels gee aan hulle drifte. Dat dit bandeloos gaan wees, gee die verteller byvoorbaat te kenne, want „Die projekfonds sal alle skade aan die Crown Hotel vergoed. *Indien hierdie verkenningstog in die beroemde hotel by Matjiesfontein plaasgevind het, sou die projek seker duisende rande moes opdok vir seldsame Victoriaanse camp*" (my kursivering: 40). Sou die *verkenningstog* dui op die duister dieptes van die Onbewuste waaruit al die drifte opstoot? Die verskillende sekstaferele wat hierna geskilder word, wil 'n mens laat glo dat dit so is.

In lord Sudden se woorde is die doelstelling van die projek „om die ware

aard van die Victoriaanse idealisme te deurgrond" (p. 108). Kan dit wees dat hierdie „Victoriaanse camp", in al sy verskriklikheid, moes dien om „*die ware aard van Victoriaanse idealisme*" te ontmasker vir wat dit werklik is: 'n oordeel oor wat altyd as konserwatiewe deugsaamheid beskou is? In die ironiese toonaard van die boek kry lord Sudden se woorde (hierbo aangehaal) na aanleiding van die skietvoorval waarin Mr Shipmaster se oor gewond is, 'n nuwe betekenis: „Daar is terreur in ons midde. Daar is iemand, daar is onbekende magte téén ons gekant. Magte van links en magte van regs, wat die projek wil verongeluk. Dit is die teken van ons tyd. Dis revolusie en geweld wat die orde wil vernietig en wat die objektiewe vasstelling van die waarheid nie kan duld nie" (108).

En dan sal dié „objektiewe vasstelling van die waarheid" ook ander aspekte van die Victoriaanse etos geld, nie net die negatiewe kant nie, maar ook dit wat altyd as positiewe gegeld het: *die eienskappe wat in Wauchope beliggaam is.* Nie verniet word hy uitgesonder onder die vier sleutelfigure nie. Lord Seldom noem sy *eenvoud, eerlikheid, sy Spartaanse eienskappe* en die feit dat hy te voet deur die sneeu vergete dorpies bearbei het (in die eleksiestryd, 136); Hans Winterbach vereenselwig hom met Wauchope („die gees van generaal-majoor Wauchope, C.B., C.M.G., LL.B. vonk in Hans Winterbach") wanneer hy meen dat sy groot oomblik in die filmkuns gekom het. Miskien het hy iets edelers in hom (terwyl hy nie juis 'n groot intellektueel is nie), naamlik Wauchope se „*sense of duty, of self-abnegation, self-sacrifice...*". Hy durf nie vir homself die geslepenheid in sy samestelling erken as sy kameras in die verstoke hoeke van die siele loer nie. Dis ontrou aan die Presbiteriaanse gees van Wauchope wat sy eie aweregsheid besweer het deur 'n Spartaanse eenvoud van lewe" ... en sy asem uitgehardloop het op die sandduine „ter wille van John Knox, die Kirk, fiksheid, die Swartland suidoos van Edinburg, en die Pax Brittanica" (39); en lord Sudden het in Wauchope sy ewebeeld gesien deur „*sy 'care and kindness and sympathy for the men under his charge'* " (75).

As lord Seldom dan die groot vraag stel waaroor dit gaan in die televisieprojek (en ook vir die leser in verband met die tema van die boek), dan word, soos dit vir my lyk, die kardinale punt aangeraak: die kwessie van *geloof.* Hy vra aan sy gehoor (die klomp by Headquarters Hill wat rumoerig geword het oor die ontberings wat die reën gebring het): „Hoekom sal ons tyd mors met 'n vergete oorlog, 'n vergete man, 'n vergete tydperk?" In sy antwoord stel hy die hedendaagse „tragiese held" teenoor die held uit die Victoriaanse tyd, Wauchope. Hy haal Malraux aan oor dié tragiese held: „daar is 'n luminositeit in sy verset; 'n *skeptisisme* terwyl hy sterf; 'n begrip van 'n paradoks; die oorwinning van die menslike gees terwyl hy sterf".

Teenoor hom, die skeptisis, die ongelowige, stel lord Seldom nou vir Wauchope met sy geloof: „geloof in sy Victoriaanse ideaal, geloof in sy Presbiteriaanse God, geloof in sy verligte landheerskappy, geloof in sy vriendskap met die mynwerkers van New Craighall, geloof in die saak waarvoor hy veg terwyl hy sy vyand liefgehad het".

Die *hedendaagse* tragiese held moet gesien word teen die agtergrond van die *hedendaagse* „boosheid, die korrupsie van die gewete, die verbreking van etiese norme ter wille van die beginsel"; die tragiese held van die *verlede*, Wauchope, stel hy teen die agtergrond van die *Victoriaanse etos*, die dissipline en getrouheid wat hom daarvan weerhou het om (teen sy beterwete) vir Methuen uit te daag en so sy eie lewe en dié van sy troepe in die dood gestort het, die „Götterdämmerung" van die trotse Skotse Hooglanders (138, kursiverings van my).

Die implikasie is, soos dit lyk, dat daardie soort getrouheid en dissipline nie meer vir vandag deug nie: dit het trouens „'n toonbeeld van bespotting" geword omdat „politiek-militêre bewegings gaskamers, konsentrasiekampe, kondisionering van skrywers, stedelike terrorisme, kapings, kinderroof, mense-roof, ontvoering en breinspoeling sou gebruik om ook 'n basies militêre doel te bereik" (137).

Die groot vraag is egter: deug daardie *geloof* nog? Wil die *ironiese* toonaard van die boek, met al die ophemeling van Wauchope, nie juis die teendeel beweer nie? Miskien kan Amicus Achtung lig werp op dié vraag: vir hom is *„die Victoriaanse paradoks wat vandag meteens soveel geldigheid gekry het"*, geleë daarin dat die *helde uit die verlede*, die vier sleutelfigure, Wauchope, De la Rey, Cronjé en Methuen, *„voorlopers is van die hedendaagse anti-held"* (40).

So 'n ironiese siening dui daarop dat die Victoriaanse etos eintlik die weg vir al die negatiewe dinge in die moderne tyd voorberei het: die mite wat daardie etos staande gehou het, is uitgedien; *daar moet 'n nuwe mite kom.*

Met dit alles moet daar natuurlik rekening gehou word met die feit dat al die woordvoerders in die verhaal deel het aan die ironie, die satire, die absurde en groteske. Die siening wat dwarsdeur gehandhaaf word, naamlik dat die slag by Magersfontein *tragikomies* is, is 'n verdere aanduiding dat die geskiedenis, die verlede, nie as korrektief in hierdie roman voorgehou word nie.

**BIBLIOGRAFIE**

BREYTENBACH, J.H. 1971. Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, deel II. Pretoria, Staatsdrukker.

COWLING, G.H. (red.). 1935. Outline of English verse. London, Macmillan.

KRUGER, Rayne. 1959. Goodbye, Dolly Gray – The history of the Boer War. London, Cassel.

OPPERMAN, D.J. 1953. Digters van Dertig. Kaapstad, Nasionale Boekhandel.

VAN COLLER, H.P. 1949. Generaal Piet Cronjé en die stryd aan die westelike front. (*In* J.H. Breytenbach. 1949. Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad Nasionale Pers).

**GEBRUIKTE TEKS**

LEROUX, E. 1976. Magersfontein, o Magersfontein! Kaapstad, Human en Rousseau.

**